## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 20 NOVEMBER 2022

**VIER EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

# GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Die kerk se bediening aan die jeug***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Psalm 122; Jesaja 2:1-5;**

**Romeine 13:11-14; Matteus 24:36-44**

| SONDAG, 20 NOVEMBER |
|---|
| 09:00 Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Deuroffer ten bate van: VCSV<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman<br>09:00 Kleuterkerk en Kinderkerk<br><br>18:00 Senior kategese<br>19:00 AANDNAGMAAL<br>Erediensspan 3 – Elsa Welman |
| **MAANDAG, 21 NOVEMBER** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie - Afsluiting<br>19:00 Vroue Bybelstudie - Afsluiting |
| **DINSDAG, 22 NOVEMBER** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie – Afsluiting<br>18:00 Mannebybelstudie - Afsluiting |
| **WOENSDAG, 23 NOVEMBER** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie – Afsluiting<br>09:30 Othello Bybelstudie – Afsluiting<br>19:00 Kerkraadsvergadering in die konsistorie |

| DONDERDAG, 24 NOVEMBER |
| --- |
| 09:30 Kuilsrivier Dienssentrum: Stomstreke - Moedergemeente<br>Sopbeurte: Juanita Horn, Mari Bothma, Ronel Le Grange, Roezan Lewis, Tillie van Tonder, Lyta van Wyk |
| **VRYDAG, 25 NOVEMBER** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms |
| **SATERDAG, 26 NOVEMBER** |
| |
| **SONDAG, 27 NOVEMBER** |
| POSDAG<br><br>EERSTE SONDAG VAN ADVENT<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens - Kerssangdiens<br>Deuroffer ten bate van: Alimentasie fonds<br>Erediensspan 4 – Neels Kruger<br>09:00 Kleuterkerk en Kinderkerk<br><br>GEEN Senior kategese<br>19:00 KERSSANGDIENS met Madrigaalsangers |

# GEMEENTENUUS



1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Johene en Blaise de Reuck en Blake Booysen vanaf Bellville.
   Santie Engelbrecht vanaf Kuilsrivier-Digtebij
   Erna, Mikeryn en Willkin Pote vanaf Kuilsrivier-Suid
2. Francois Cillié (Othello) se suster van Kleinmond is oorlede.
3. Miemmie Myburgh (Manatokalaan) ontvang tans behandeling.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 23 November 2022 om 19:00.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Verenigende Christen-Studentevereniging (VCSV)**

Dit is die VCSV se roeping om kinders en jongmense te help om teen hedendaagse probleme en Godloosheid bestand te wees sodat hulle as jong Christene uitstaan in 'n wêreld waar geloof en toe-wyding voortdurend uitgejaag en afgebreek word. Die VCSV is benewens die VCSV-takke in skole ook betrokke by jeugkampe, uitreike, stranddienswerk, avontuurbediening en lewensvaardigheidspro-gramme. Die Bybel en die bestudering daarvan, gebed en die soeke na die wil van God staan sentraal in die werk van die VCSV. Die VCSV is 'n geloofsorganisasie wat volledig op die voorsiening van die Here vertrou vir vrywillige hulp en finansiële ondersteuning. Vir verdere inligting oor die VCSV kan u ons webblad besoek of gesels met ons op ons "facebook" blad. Baie dankie vir u ondersteuning en gebede.

Me Dorian Adams | 021 887 0212 | 073 293 5365 | dorian@vcsv.co.za
Webwerf: https://vcsv.co.za

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

20/11 Lize Viljoen, Dané Wethmar, Marina Pool
21/11 Anchen Lloyd, Lester Abrahams
22/11 Marius Norman
23/11 Jean Snyman, Max Peach(85), Deidré Summers
24/11 Stoffel Olivier, Júan Roelofse, Simon Fourie, Neil Smit, Matthew Haynes
25/11 Lizelle van Tonder, Hannelie van Zyl, Helen Lintvelt(86), Ronel Hunter, Micyla Janse van Rensburg
26/11 Wilma Groenewald, Banie Steyn(83), Wena Groenewald(85), Ewis Pienaar(84), Hester Pieterse



# KLERE EN VERE

Liewe Lidmaat

Danksy De Eike-lidmate se ondersteuning kon Green Park, Huis De Kuilen, Huis Sonop, Nuwerus en Merweville die afgelope tyd pakkies van ***Klere & Vere*** ontvang. Dankie dat jy hierdie ***getuienisaksie*** ondersteun deur jou ou/ongebruikte items, klere, skoene of linne vir ons kerk toe te bring.

Kinderklere en -skoene bly hoog in aanvraag. Ook speelgoed, potloodkryt, storieboeke, karretjies en legkaarte, asseblief.

Groetnis van 2 Vere

# DE EIKE KOSMANDJIE

Dankie dat jy De Eike se gasvrye omgeehart-en-hande is!

Jou bydrae tot die Kosmandjie-aksie help iemand wat nou swaarkry met verleentheid, onsekerheid en nood.
Sal jy asseblief aanhou help?

Dis sowaar nodig om aan die Feestyd te begin dink! Hierdie lysie geld dus vir die laaste kwartaal.

Melk/Suiker/Koffie
Blikkies (410g) groente/tamaties/vrugte
Soya (200g/500g)

Vla/koekies/jellie/lekkers/droëvrugte
Kondens-/idealmelk

Baie dankie aan die lede van die Dinsdag Senior Burger en Othello Bybelstudie groepe vir die finansiële bydraes tot De Eike se kosmandjie.

Onthou dat jy 'n kontantbydrae kan maak, indien dit jou beter pas.
Daarmee koop ons toiletware en skoonmaakmiddels.

*Groetnis uit DIE KOSMANDJIE*

# AKSIE SAMARITAAN BORG - ‘n - HAWELOSE

Kerstyd hou ons ‘n spesiale afsluiting op 16 Desember van elke jaar. Die sopkombuis sluit dan tot die eerste week in Januarie van die volgende jaar, sodat vrywilligers kan rus en die werkers hulle jaarlikse verlof kan neem.

Dit beteken egter dat die daaglikse kliënte, wat afhanklik is van die sop wat hulle by die sopkombuis kry, vir drie weke kan honger ly.

Om dit te oorkom deel ons kospakkies uit by die kersafsluiting wat hulle kan help om die tydperk wat die sopkombuis gesluit is te oorleef.

Ons deel 150 kospakkies uit en die koste beloop ongeveer R600 per pakkie. Borg asb ‘n hawelose as jy ‘n verdienstelike saak soek.

Art 18(a) sertifikate is beskikbaar vir donasies **direk** aan Aksie Samaritaan.

Kontak die kerkkantoor of vir Jakkie by 082 453 3862 vir bankbesonderhede.

# AANDNAGMAAL

Die AANDNAGMAAL op 20 November soos aangedui op die almanak, vind vanjaar weer plaas na ‘n afwesigheid van 2 jaar.

Kom ons maak weer die meeste van hierdie baie spesiale geleentheid op ons kalender.

Moenie dit misloop nie!

# JAN KRIEL LIGGIEBOOM

## 26 November 2022

Jan Kriel se **Liggieboom 2022** is om die draai! Sluit by ons aan vir 'n familie-vriendelike aand wat optredes van beide die kinders en Bottomless Coffee Band (RAAF) insluit. Hekke en kosstalletjies open om 17h30 en die program begin 19h00. Die hoogtepunt van die aand is die aanskakel van die Liggieboom.
Kaartjies: R100 p/volwassene & R30 p/skolier
Kry vandag jou kaartjies www.liggieboom.co.za
Navrae: events@jankriel.co.za of 021 9030434.

# TIENDEMAAND DANKOFFERS

Baie dankie aan almal wat reeds hul bydrae gegee het.

Daar is reeds 176 bydraes ontvang ten bedrae van R194 595. Ons doelwit is R325 000.

Koeverte kan steeds enige Sondag in die kollekte-mandjie geplaas word of per EFT oorbetaal word.

# KERSGESKENKE

Baie dankie aan almal wat kaartjies geneem het om geskenke aan die kinders van Koelenhof en Green Park te gee.

Die geskenke moet asseblief teen 2 Desember 2022 terug wees by die kerk.

# KERSSANGDIENSTE – 27 NOVEMBER

Ons is vanjaar bevoorreg om op Sondag 27 November 2022 twee baie spesiale Kersdienste te hê.

09:00 Oggenddiens – ons begin reeds om 08:40 Kersliedere sing saam met albei voorsanggroepe. Tydens die diens luister ons na die kerkkoor, trompet en saksafoon.

Ons kyk na ‘n uittreksel uit die video van 2020 kersdiens. Daar is ook baie geleentheid vir die gemeente om lekker saam te sing.

19:00 Aanddiens – die Madrigaalsangers tree by ons op. Hulle is ‘n groep van 8 jongmense van Stellenbosch en Noordelike voorstede wat reeds naam gemaak het met hul *a capella* sang. Weereens gaan die gemeente ook die geleentheid hê om saam te sing. Die deurkollekte by die aanddiens sal wees ten bate van Aksie Samaritaan se “Borg-‘n-hawelose” projek. Sien blokkie elders vir meer inligting hieroor.

Na afloop van die **oggenddiens**, gaan die gemeente saamkuier met verversings. Tydens dié geleentheid sal daar van René afskeid geneem word.

# VAKANTE POS BY SINODE

Die Wes-Kaapland Sinode van die NG Kerk het die volgende vakante poste by hul kantoor in Bellville.

- Rekenmeester wat verantwoordelik sal wees vir die administrasie van die Predikante Pensioenfonds – sluitingsdatum vir aansoeke 25 Nov 2022

- Persoonlike Assistant/Admin Koördineerder in die kantoor van die Sentrum vir Publieke Getuienis – sluitingsdatum 30 Nov 2022

Vir volledige besonderhede van Pligte en Vereistes, sien kennisgewingsbord in die voorportaal of kantak die kerkkantoor.

# ALMANAKKE 2023

Baie dankie aan die volgende lidmate wat kom help het om die almanak te bind: Wessel Labuschagne, Lizette Rootman, Lize Fölscher en Susan Blanché.

Die almanakke word tans versprei na die blokleiers en dienswerkers wat dit eerdaags na die besoekpunte sal versprei.

# PREEKSKETS

**TEMA – “LOFWAARDIG IS DIE HERE, DIE GOD VAN ISRAEL...”**



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Lukas 1:5-25, 57-80

Onthou jy nog die rympie wat ons arme kinders moes leer om bestuurderslisensies te kry? Hulle moes orals kyk, en dan nog voor in die pad ook!

- Byna soos Sagaria in Lukas 1...

1. **Sagaria moet terug kyk**.
   - Hierdie nuwe babatjie is deel van God se pad met sy mense.
   - God het nooit sy volk vergeet en aan hulleself oorgelaat nie.
   - Johannes is nog ‘n teken van God se bemoeienis met sy mense.
   - Vandag pas dit my en jou om ook terug te kyk...

2. **Sagaria moet om hom kyk**.
   - Maar die prentjie wat Sagaria om hom sien, is baie donker.
   - Ook in sy eie lewe lyk dinge duister.
   - Wat sien jy om jou?

3. **Sagaria moet ook vorentoe kyk!**
   - Want ons wêreld staan op die drumpel van ‘n geweldige deurbraak!
   - God se nuwe wêreld is besig om deur te breek.
   - God se verlossing is hier!
   - Kom belewe iets hiervan vanaand by die aandnagmaal.
   - En dra dit uit, die Kerstyd in.